



*Auxilio*

DISTANCE EDUCATION

**WISKUNDIGE GELETERDHEID**

**GRAAD 10 EKSAMEN**

**KWARTAAL 2**

**2019**

**VRAESTEL 1**

**PUNTE: 50**

**TYD: 1 UUR**

**DATUM : 24 MEI 2018**

**INSTRUKSIES**

1. Toon AL die berekeninge duidelik aan.
  2. Rond AL die finale antwoorde tot TWEE desimale plekke af, tensy anders aangedui.
  3. Meeteenhede MOET aangedui word, waar van toepassing.
  4. Kaarte en diagramme is NIE noodwendig volgens skaal geteken NIE, tensy anders aangedui.
  5. Skryf netjies en leesbaar.
- 

**Vraag 1**

Beantwoord al die volgende vrae:

- 1.1 Kan die betaling van ons DSTV as 'n rekening beskou word? (2)
- 1.2 Bepaal die waarde van  $5^3$ . (2)
- 1.3 As  $\frac{2}{3}$  van die familie se begroting op kos gespandeer word, wat sal hierdie koste dan wees, as hulle inkomste R15 000.00 per maand is? (2)
- 1.4 Op watter grafiek-as word die onafhanklike veranderlike getoon? (2)
- 1.5 As 34% van die toeskouers by 'n pop-konsert manlik was, bereken dan Hoeveel vroulikes bygewoon het, as die totale bywoning 12 000 mense was? (2)
- 1.6 Die temperatuur verskil tussen buitekant en binne in die huis, was  $11^{\circ}\text{C}$ . Wat was die temperatuur aan die buitekant, as dit  $8^{\circ}\text{C}$  in die huis was? (2)
- 1.7 As 1cm op 'n staafskaal 200km voorstel, wat sal die werklike afstand wees as 2.5cm op hierdie staafskaal gemeet word? (2)
- 1.8 Gee die tyd van tien voor agt in die aand in 24-uur digitale formaat. (2)
- 1.9 Herlei 1,25liter na milliliters. (2)
- 1.10 As die koste van die items wat by 'n supermark gekoop was 'n totaal van R125.53 beloop het, bereken dan wat die kliënt na afronding sal betaal. (2)
- 1.11 Charles het 'n selfoon vir R2 700.00 gekoop en koop sy lugtyd op die internet. Besit hy 'n kontrak of 'n voorafbetaalde diens? (2)


1.12 Samantha het 'n lessenaar gekoop wat 'n lengte het van 1,2m. As die muur van haar kamer 3,35m is, hoeveel spasie sal daar oorbly? (2)

1.13 As 'n analogiese skaal 'n artikel se gewig meet as 2,5kg, wat sal dan die lesing op 'n digitale skaal toon. (2)

[26]

### Vraag 2

2.0 Barry moes vanaf Potchefstroom na Beaufort Wes reis om 'n troue by te woon. Hiervoor, moes hy 'n motor huur vir hierdie 3-dae reis teen R350.00/dag. Die afstand vanaf Potchefstroom na Beaufort Wes, is 860km. Hy het die volgende grafiek getrek, wat sy retoer reis verteenwoordig.



2.1 Waarom het hy sy grafieklyn by R1 050.00 begin? (3)

2.2 Sy grafiek gaan slegs tot by 1 600 kilometer. Hoe ver is dit kort van sy werklike afstand? (3)

2.3 Wat sal die totale koste van sy retoer rit wees, as hy die volle afstand bereken? Koste van sy brandstof is 7,2ℓ/100km. Petrol word teen R17.10/ℓ verkoop. (4)

[10]

**Vraag 3**

- 3.1 Rebecca het gaste vir aandete genooi en het besluit om elke gas met 'n 150g porsie fillet biefstuk te bedien. As hierdie fillet biefstuk teen R139/kg verkoop word, bereken wat dit haar sou kos, as hulle 'n totaal van agt mense was? (4)
- 3.2 As sy 'n liter bottel rooiwijn met aandete wou bedien, bereken hoeveel milliliter elke persoon sou ontvang. (2)  
**[6]**

**Vraag 4**

- 4.0 Verwys na die kaart in BYLAAG A.
- 4.1 Sibiya het van regs na links op die N1 Bypass gery. Hy was op pad na die Safari Outdoorwinkel. Gee aanwysings oor hoe hy daar sal aankom. (6)
- 4.2 Bereken die waarskynlikheid dat hy die sirkel-afrit sal neem wanneer hy die N1 Western Bypass verlaat. (2)  
**[8]**

**TOTALE PUNTE : 50**

**ANNEXURE A / BYLAAG A**

